## Huiswerkvel 30 (Hoofstuk 15)

Lydende en bedrywende vorm

**Onthou:** Jy moet die onderwerp, gesegde en voorwerp in ’n sin kan identifiseer om sinne in die lydende vorm oor te kan skryf.

1. Identifiseer die **onderwerp**, **gesegde** (werkwoord of werkwoordgroep) en **voorwerp** in die volgende sinne:

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | My pa sal die gras sny. | (3) |
| 1.2 | Hy kan goed Wiskunde doen. | (3) |
| 1.3 | Eet die kinders die verjaardagkoek? | (3) |
| 1.4 | Die seun het die meisie in die klas geterg. | (3) |
| 1.5 | Die leerders leer hard. | (2) |

2. Skryf die volgende sinne in die **lydende vorm**:

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Sy stap die klaskamer binne. | (1) |
| 2.2 | Soek die selfoon. | (1) |
| 2.3 | Jong kinders glo sprokies. | (1) |
| 2.4 | Doen nou jou huiswerk. | (1) |
| 2.5 | Julle moet die kinders met lekkernye bederf. | (1) |
| 2.6 | Hulle sê hy is ’n goeie rugbyspeler. | (1) |
| 2.7 | Ouma het die aandete verbrand. | (1) |
| 2.8 | Wie het haar daar gesien? | (1) |

3. Skryf die volgende sinne in die **bedrywende vorm**:

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Die leerders word gereeld deur die hoof aangemoedig. | (1) |
| 3.2 | Daar word geglo dat dit ’n ongeluk was. | (1) |
| 3.3 | Die poegie word deur ’n meisie bestuur. | (1) |
| 3.4 | ’n Goeie oefenprogram word deur die afrigter gegee. | (1) |
| 3.5 | Hierdie aksie is deur die leiers van die gemeenskap gesteun. | (1) |

Hierdie bladsy mag gekopieer word.